Speech by V. von Brunn of the Occasion of the Award of the South African Antarctic Medal

PRETORIA, 12th JUNE, 1965

On this happy occasion it is my primary duty to extend my sincerest thanks to the Medal Award Committee of the S.A. Antarctic Association for having bestowed upon me this honour, and I can assure you that I am indeed very happy to be the recipient of the medal this evening.

However, I do not wish to regard it as an acknowledgement of personal prestige, but rather as a symbol of companionship amongst members of the first South African Antarctic Expedition. Were it not for their unselfish co-operation, much of our data would not have been here today; these men gave invaluable assistance when the various scientific disciplines required simultaneous attention. It has frequently been pointed out by expedition leaders, as for example John Giaever, leader of the Norwegian—British—Swedish Antarctic Expedition (1949-52), that no one member of an expedition, whether he be chief scientist or junior "gash-boy", has the right to regard himself or his work more worthy than that of the other person. The successful outcome of an expedition depends largely upon the willingness of each member to perform not only his own task, but also, if need be, that of his companion, or that of the expedition as a whole. I may perhaps confidently say that such spirit has contributed largely towards the success of the first South African Expedition to be sent to the Antarctic. To Hannes la Grange, the leader of this expedition, we are particularly grateful for his conscientious leadership throughout 1960. We should also not forget that Hannes, with his valuable polar experience, had done a great deal in paving the way for subsequent South African Antarctic expeditions.

Die sukses van 'n ekspedisie hang natuurlik nie alleenlik van sy lede af nie, maar ook van diegene, wat in die voorbereiding daarvan betrokke was, asook dié wat sy werk aangemoedig en volgehoue belangstelling daarin getoon het. In die verband dink baie van ons vanaand aan Mnr. A. M. van Wijk, Hoof van die Magnetiese Observatorium op Hermanus, wat ten spyte van baie moeilikhede, 'n goedgeorganiseerde geomagnetiese program beplan het, en wat baie van sy waardevolle tyd bestee het aan die leiding in die verwerking van die gegewens tot die stadium van finale publikasie. Die belangstelling van buitestaanders, wat geensins aan die ekspedisie verbonde was nie, is ook terdeë hoog op prys gestel. Hier wil ek graag melding maak van 'n telegram met die woorde: "Best Wishes Coming Field Season", wat deur Prof. L. C. King, Hoof van die Departement Geologie, Universiteit Natal, gestuur is, en wat op SANAE ontvang is kort voor ons eerste trek na die berggebied toe in 1960. Radioboodskappe van, en gesprekke met familielede en vriende het ook veel bygedra om die manne se moed hoog te hou.

I want to take this opportunity tonight in thanking the Department of Transport which has taken upon it the responsible task of sending expeditions to the Antarctic, thus giving South Africans the opportunity of representing their country in the frozen wastes of a gigantic international scientific laboratory, thereby also letting them witness the serene beauty and the powerful might of Nature. I am particularly indebted to both the Department of Lands and the Council for Scientific and Industrial Research for the funds they have made available for the evaluation of the 1960 geomagnetic, geological and glaciological data at the Hermanus Magnetic Observatory and at the University of Cape Town respectively, where facilities for the work were kindly provided. Assistance of this nature will greatly help in promoting South African scientific participation in the Antarctic.

Gedurende die afgelope 4 jaar het ek die voorreg gehad om lede van Japanese, Belgiese, Britse, Russiese en Amerikaanse antarktiese ekspedisies in die Kaapse hawe te ontmoet. Die gewone vraag wat hierdie manne gestel het was: "Op watter wyse dra Suid-Afrika by tot antarktiese navorsing?" Uit sulke vrae word dit weereens duidelik dat 'n land se verrigtinge op hierdie gebied geskat word volgens die kwaliteit van sy publikasies of produksie van sy ekspedisieverslae, eerder as die aantal jare was dit 'n stasie op die ys beman. Om te voldoen aan ons Internasionale Verpligtinge in die suidpoolgebied, moet wetenskaplike veldprogramme aansienlik uitgebrei word, waarvoor ondersteuning uit die lug vanaf die basis 'n groot stap voorwaarts sou beteken.

It is indeed encouraging to see that the scientific work at SANAE Base, since 1960, has been so considerably expanded and that an enhanced standard is being aimed at. I want to wish members of present and future expeditions all the luck there is in their task of accumulating and evaluating Antarctic data, thus giving South Africa an honourable place in the realm of polar research.

Ten slotte wil ek vanaand my opregte dankbaarheid betuig teenoor die lede van ons eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie, naamlik Hannes la Grange, Dokkie van der Merwe, Martin du Preez, Nick Erasmus, Dick Bonnema, Chris de Weerdt, Theo van Wyk, George Strauss en Blackie de Swardt vir hulle kameraadskap en bystand gedurende 1960. Dit het alles bygedra om my vanaand die gelukkige ontvanger van hierdie pragtige medalje te maak.

NUUS VAN SANAE EN DIE EILANDE

SANAE, 1 Junie 1965:

Met die manne gaan dit nog steeds goed onder die wakende oog van Jan Dokter. Die Dok moes al telkemale die onvergeetlike taak van 'n tandarts beoefen. Blykbaar is sy belangstelling sterk in die rigting geprikkel want deesdae wil hy net tande trek en stop en dan word hy ook nog aangepor deur angstige fotograwe.

Die tweemaandlange Antarktiese nag trek stadig maar seker sy donker kombers al verder oor die basis heen. Die son het reeds agter die horison verdwyn en slegs 'n ligte gloed op die noordelike horison teen plaaslike middag verraai sy voortbestaan. Vyf maande het sommer so goedmoeds verbygeglip en 'n mens kan net nie help om 'n beeld te vorm van hoe die kêrels graag sou wou hê dat Antarktika daar moet uitsien nie. Neem nou maar ons landmeter, Johnnie Strydom, wie se netwerk van dromme vir studie van die beweging van die ysbank oor 'n groot gebied versprei is. Hy sou wat wou gee dat die dromme soos wafferse resiesperde hier by die basis moet verbyjaag, want dit sou 'n indrukwekkende bewegingstempo van die bank aandui. Ag hoe jammer tog is die werklike slakkegang, want anders sou ons mos darem al tenminste halfpad nader aan die Republiek gewees het. Zac Ezekowitz, die geomagnetikus glimlag breed wanneer hewige magnetiese storms duisende kartelings op sy magnetogramme veroorsaak. Hy raak ook breedsprakig van opgewondenheid wanneer woelende poolligte intensiewe strale vanuit die suidooste oor die hemelruim uitskiet. Goed vir hom, maar wat van die arme radio-operateur, Ray Statt, wat dan moet swoeg en sweet om die baie briewe en berigte deur te kry?

Vir die weerkundiges, Hennie, Dries en Pottie, is daar niks interessanter as wanneer die naald van die windspoedmeter die hoogte inklim, of die termograafkromme die bodem van die kaart mik nie, want sou dit tog nie 'n konsternasie op die ou aardbol veroorsaak as SANAE 'n gemiddelde windspoed van 80 knope en 'n gemiddelde temperatuur van minus 50°C vir 'n maand kan aankondig nie? Wolfgang, die geoloog, verlang intense sneeuneerslae om interessante waardes van die akkumulasie by sy paaltjies te kan aanteken want dan sou sy akkumulatiewe krommes nader aan die gladde gang van die vorige maande gekom het.

Gelukkig laat moeder Natuur nie vir haar voorskryf nie, want dink net hoe dikwels sou dit nodig gewees het om installasies en lugdrade te verhoog of te vervang het as die weerkundiges en

gletserkundige se verlangstes ooit sou bewaarheid geword het! Daarenteen verkies Danie Joubert windstil dae om sy ballon vir die meting van kosmiese strale bo 'n sekere vlak suksesvol te kan lanseer. Ionosferikus Derek Sharwood se ore tuit dikwels soos hy bedreig word wanneer die klimaks van 'n belangrike berig deur 'n geweldige gekras bederf word. Die werktuigkundiges skaar hulle saam met Danie want dan kan hulle tog immers sonder handskoene aan die trekkers werk. As die son tog net maar bedags weer wil skyn, dan sal Johan vir oom Wilfred met sy lanterntjie en al tog snags van die trekkers kan weghou.

SANAE, 28th June, 1965:

Our sojourn in Antarctica has come to the halfway mark and now we keenly look forward to the return of the sun. Although temperatures have been exceptionally mild for the peak winter period, storms were frequent and often of a freak nature, for example a 30 knot wind would suddenly die down to be replaced within five minutes by a storm from the northeast gusting over 70 knots. The varied storm directions have resulted in heavy drift snow accumulation in the immediate vicinity of the base. It can only be hoped that a few strong easterly storms will whittle down the level of the snow before the low temperatures have a chance to consolidate the snow heaps.

Republic Day was celebrated in grand style. During the party which followed on a fine meal, Piet the budgie and JJ the non-talking parrot looked on from their respective corners in the rafters. To Piet, now in his fourth year at SANAE, the proceedings were evidently commonplace, but JJ looked on very apprehensively and demurely. It is perhaps just as well that his talking capabilities are well hidden and apparently limited.

Thereafter preparations for midwinter were in full swing. Sewes was seldom seen without a saw in hand and it was a pleasure seeing many new woodwork constructions in the form of cupboards, racks, etc., going up. Everybody assisted in repainting the kitchen and we were rather amazed at the ingenious colour schemes which evolved. The floor was also renewed.

Midwinter proved to be a memorable and happy day. The varied and mostly excellent dishes which appeared on the table during the course of the day made us wonder whether some of the men, for instance Dries Steyn and Wolfgang Pollake, had not missed their vocations in life. Fresh lettuce and radishes from the "garden" played their part to make eating a joy. After an impromptu variety programme gifts were exchanged. Derek assisted by Danie, produced an excellent newspaper to mark the occasion. Laughs were, however, not over yet for the following days saw Johan, Pottie, Zac, Ray and Smittie with beards removed and hair cut short. We extend our sincere thanks to everybody who kindly sent us their good wishes.

MARION, 28th June, 1965:

Apart from the excellent meal and subsequent gay celebration which we had on midwinter's day, we also obtained moral support from the knowledge that from now on summer will be approaching steadily, not that summer is meteorologically obviously different from winter on this island, but there are the much longer days to look forward to.

The past month has been quite uneventful. There was very little snow, but there were some lovely sunny days and only a few gales. A strong anticyclone remained stationery in our area for some days and with the associated very weak winds aloft we had misgivings that the radio-theodolite might have conked in.

The gentoos are nesting now so that the coastline does not appear entirely abandoned as a few weeks ago.

MARION, 30 Junie, 1965:

Hier op Marion het ons nog steeds die wind van agter en volgens die weerkundiges behoort dit nog vir 'n geruime tyd so aan te hou. *Die ou eiland is ook net soos 'n babatjie, altyd nat en vol winde*! Julle sal ons nou nie wil glo nie maar hier het ons ook die sogenaamde winde van verandering, wat dikwels veranderings in ons werksprogramme en omstandighede veroorsaak. Daar is bv. die herhaaldelike herstel van lugdrade.

Ons het ook nou tot die gevolgtrekking gekom dat 'n dieselmasjien netso wispelturig kan wees as sommige asters. 'n Paar van die kêrels is net kwaai besig met die bou van modelbootjies. Dit lyk asof hierdie manne Prins Edwardeiland in die oog het. Ons musiekinstrumente het ook al tot twee aangewas en 'n beuel wat nie goed wil fungeer nie het so pas die lig gesien.

GOUGH, 11 Junie 1965:

Die ou lewe is vol insidente en Gough het ook sy beskeie deeltjie daarvan. Ons het bv. hier 'n vierwielwaentjie, genaamd die "Mercedes". Dan is daar die aluminiumpaadjie wat bra steil afdraende loop van die woonhuis af. 'n Kombinasie van dié twee dinge kan gevaarlik wees want dit kos tenminste twee mense om die "Mercedes" te bedwing wanneer dit op die afdraend is. Een mooi middag besluit Ewie mos so ewe om voor te bestuur terwyl twee man agter rem. Ek voel redelik seker dat die tou agter nie vanself losgegaan het nie, maar die volgende oomblik stoot die "Mercedes" vir Ewie dat hy net so hier en daar grondvat. By die draai het hulle weë geskei en kon ons ons bestuurder heel uit die bossies optel.

Daar is een produk waarmee Gough lekker geld sal kan maak, naamlik lewendige muise. Een van ons het 'n muisval van 'n paraffienblik gebou en die uiteenlopende belangstelling en afkeuring het byna die inroeping van die Dierebeskermingsvereniging se hulp tot gevolg gehad.

Die eerste goeie sneeval het op 9 Junie plaasgevind en dit het amper meer opgewondenheid veroorsaak as 'n mooiweersdag by SANAE. Die sneeu het al die bergtoppe bedek en lieflik afgesteek teen die donker lug daaragter.

Ons eerste kennismaking met seeolifante het vir Jannie die skrik van sy lewe besorg. Hy het niksvermoedend vlak voor 'n groot bul verbygestap en eers na 'n waarskuwing van du Toit agtergekom in watter gevaar hy hom bevind. Die olifant wonder seker nou nog waarheen Jannie so blitsvinnig verdwyn het.

VOORSITTER SE JAARVERSLAG

(Opgestel deur die afgetreede Voorsitter, Mnr. J. J. la Grange, en voorgedra deur die Agerende Voorsitter, Komdt. W. Chapman, tydens die Algemene Jaarvergadering op 29e Maart 1965).

Dit is feitlik 'n stem uit die verlede wat vanaand tot u spreek aangesien ek, om verskeie redes reeds in Oktober my aan die Bestuur van die S.A. Antarktiese Vereniging onttrek het. Dit is egter vir my 'n eer om te kan voldoen aan die versoek om hierdie verslag vir u op te stel. Ek is jammer dat ek weens universiteits-verpligtinge vanaand, soos ander Maandagaande in die toekoms, nie by u kan wees nie.

Ladies and Gentlemen, once again the Association can look back on an eventful year.

Since the previous General Annual Meeting we have had the following meetings:

April—General Annual Meeting, plus Film: Power for Continent Seven.

May—Dr. S. M. Naudé: Journey to Antarctica.

June—Prof. S. P. Jackson and Prof. P. H. Stoker—International Year of the Quiet Sun. (Joint meeting with S.A. Association for the Advancement of Science.)

July—Film evening—(i) Scott's Journey to Antarctica, (ii) The Cold South (Part 3).

August—Mr. W. A. Niemann—"See-ys en -temperature".

September—Mr. Jan Nel—"Voëls en Soogdiere van Antarktika".